

# Huis-en-haard-assesseringsinstrument



- » Beantwoord elke vraag deur 'n kruisie (X) in die toepaslike kolom (Ja/Nee) aan te bring.
- » Sodra jy al die vrae beantwoord het, tel die aantal Ja's op. Jy sal dan 'n punt uit 30 behaal.
- » Die doel van die assessering is om aan jou 'n aanduiding te verskaf van hoe veilig jy op jou eiendom is, asook om die negatiewe punte te gebruik om die sekuriteit van jou eiendom op te skerp.

**Sleutel:**      **30/30 = 100%**   **27/30 = 90%**   **24/30 = 80%**   **21/30 = 70%**   **18/30 = 60%**

| No.    | Vraag   | Ja (1) | Nee (0) |
|--------|---|--------|---------|
| 1.     | Is daar 'n aktiewe buurtwag in jou omgewing?  |        |         |
| 2.     | Behoort jy aan 'n buurtwag?   |        |         |
| 3.     | Is jou erf omhein?  |        |         |
| 4.     | Is daar 'n interkom waarmee jy vanuit jou woning met besoekers kan kommunikeer?   |        |         |
| 5.     | Word toegang tot jou woning met 'n hek beheer?  |        |         |
| 6.     | Beskik jy oor 'n elektroniese toegangshek?  |        |         |
| 7.     | Is die omheining/muur van so 'n aard dat jy sig op die straat/woongebied het?   |        |         |
| 8.     | Is bome aan die buitekant van jou erf teruggesnoei sodat misdadigers nie vanuit die bome toegang tot jou erf kan kry nie?             |        |         |
| 9.     | Is struik aan die buitekant van jou erf teruggesnoei sodat misdadigers nie daaronder kan wegkruip nie?                                |        |         |
| 10.    | Is daar voldoende beligting aan die buitekant van jou erf?  |        |         |
| 11.    | Is die toegangshek tot jou erf voldoende belig?   |        |         |
| 12.    | Is daar alarmstrale buite op jou erf?   |        |         |
| 13.    | Is daar voldoende beligting reg rondom jou huis?  |        |         |
| 14.    | Wys die ligte aan die buitekant van jou huis na buite? (Met ander woorde dit belig die erf en nie jou huis nie.)                      |        |         |
| 15.    | Word die buiteligte deur middel van 'n fotosel geaktiveer? (Met ander woorde dit skakel outomaties aan sodra die liggehalte swak is.) |        |         |
| 16.    | Is daar diefwering voor alle oopmakende vensters?   |        |         |
| 17.    | Is die diefwering gesweis en vasgebout? (Indien nie beide nie word geen punt toegeken nie.)   |        |         |
| 18.    | Is daar traliehekke voor alle deure?  |        |         |
| 19.    | Is die traliehekke SABS-goedgekeur?   |        |         |
| 20.    | Beskik die traliehekke oor toeslaanslotte? ("slam locks")   |        |         |
| 21.    | Word huissleutels buite sig van besoekers geberg?   |        |         |
| 22.    | Is daar 'n hond wat buite kan rondloop maar wat ook toegang tot die huis het?   |        |         |
| 23.    | Is daar 'n hond wat snags in die huis slaap?  |        |         |
| 24.    | Word honde slegs bedags gevoer?   |        |         |
| 25.    | Het jy kontak met jou bure?   |        |         |
| 26.    | Beskik alle inwoners van die huis oor die bure se kontakbesonderhede?   |        |         |
| 27.    | Is jy lid van 'n sekuriteitsmaatskappy met 'n reaksievermoë?  |        |         |
| 28.    | Word die panieknoppie wat die sekuriteitsmaatskappy aktiveer gereeld getoets?   |        |         |
| 29.    | Ken alle inwoners van die huis die plaaslike SAPD en nooddienste se telefoonnommer? (Op selfoon gestoor.)                             |        |         |
| 30.    | Weet elke inwoner van die huis wat om te doen in geval van 'n noodsituasie?   |        |         |
| TOTAAL |   |        |         |